
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411
WEBSITE: www.stangerchristiancentre.com E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

DIE REGVERDIGHEID VAN GOD

Here, God van Israel, U is REGVERDIG... (Esra 9:15). Here, U is REGVERDIG, en reg is u verordeninge (Ps.119:137). REGVERDIG is U, O Here... (Jer. 12:1).

Aan U, **Here kom die geregtigheid toe... (Dan. 9:7).**

...want die Here onse God is REGVERDIG by al sy werke wat Hy doen...(Dan. 9:14).

'n God van trou en sonder onreg; REGVERDIG en REG is Hy (Deut. 32:4).

Geregtigheid en regverdigheid is sinoniem, m.a.w. hulle beteken dieselfde. Volgens die tekste wat ons hierbo aangehaal het is God REGVERDIG: Dit is een van Sy uitstaande Karaktertrekke. Sy Heiligheid is SY GEREGTIGHEID. Heiligheid is 'n gesindheid, GEREGTIGHEID of REGVERDIGHEID is 'n aksie, 'n daad. Ons probeer deurgaans om die Karaktertrekke van God in die praktyk in werking te sien, sodat dit invloed het op ons alledaagse lewens: 'n God en godsdiens wat slegs 'n teorie is, is nutteloos.

Die Heiligheid van God EIS dat sonde veroordeel word en die sondaar gestraf word. GEREGTIGHEID is 'n Heilige God wat REGVERDIG optree teenoor die mens. Hierdie regverdigheid is opvallend in straf en in beloning.

...die REGVERDIGE oordeel van God wat elkeen sal vergeld na sy werke: aan die wat deur volharding in goeie werke heerlikheid, eer en onverganklikheid soek – die ewige lewe; maar aan die wat eiesinnig en aan die waarheid ongehoorsaam, maar aan die ongeregtigheid gehoorsaam is, grimmigheid en toorn; verdrukking en benoudheid oor die siel van elke mens wat kwaad doen, oor die Jood eerste en ook oor die Griek; Want daar is geen aanneming van die persoon by God nie (Rom.2:5 – 11).

DIE REGVERDIGHEID VAN GOD IS GEOPENBAAR IN DIE EVANGELIE.

Want ek skaam my nie oor die Evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek. Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe (Rom. 1:16 en 17).

Kom ons kyk hoe dit dan moontlik is vir God om 'n skuldige sondaar vry te skel en hom onskuldig te verklaar en tog terselfdertyd REGVERDIG bly.

Jy sien, wanneer 'n mens aan 'n misdaad skuldig is, en deur die hof skuldig bevind word en hy dan onskuldig verklaar word en geen straf opgelê word nie, sou dit 'n daad van ONGEREGTIGHEID wees!

Wanneer dit by ons REGVERDIGE God kom, verwag 'n mens REGVERDIGE optrede. Maar, God se Liefde verlang om te vergewe en om met die skuldige sondaars gemeenskap te hê, terwyl Sy Geregtigheid eis dat die skuldige sondaar deur die dood gestraf sal word.

Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here (Rom. 6:23).

Dit lyk dus of God hier in konflik met homself is en of Sy Liefde en Geregtigheid mekaar opponeer.

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Die regverdigheid van God….)

Maar God is KONSTANT in Sy Hele Wese, in al Sy Karaktertrekke, daar is geen dubbelhartigheid of slapheid by Hom nie. Hy KAN nooit met homself in konflik wees nie. Sy Karaktertrekke is absoluut. Hy is absoluut REGVERDIG en absoluut LIEFDEVOL terselfdertyd. Wanneer Hy in geregtigheid optree is Hy steeds liefde, en wanneer Hy in liefde optree, is Hy steeds regverdig!

In die geval van 'n sondige mens, hoe tree God dan gelyktydig in liefde en regverdigheid op?

Paulus beantwoord vir ons hierdie vraag in **Rom. 3:23 tot 26: want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God, en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Jesus Christus is. Hom het God voorgestel in Sy bloed as 'n versoening deur die geloof, om sy geregtigheid te bewys deurdat Hy die sondes ongestraf laat bly het wat tevore gedoen is onder die verdraagsaamheid van God – OM SY GEREGTIGHEID TE TOON in die teenwoordige tyd, sodat Hy self regverdig kan wees en REGVERDIG MAAK WIE UIT DIE GELOOF IN JESUS IS.**

Volgens die regstelsel van God kan die skuldige sondaar kwytgeskeld word en vry gaan deur die opoffering van die lewe van 'n onskuldige plaasvervanger. Die skuld van die sondaar was oorgedra op die onskuldige plaasvervanger en die onskuld van die plaasvervanger was oorgedra op die skuldige sondaar.

So was dit in die Ou Testament, die Ou Verbond. Daar was die sondeskuld van die sondaar oorgeplaas op 'n diereoffer en onskuldig verklaar!

Sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie (Heb. 9:22). Lees sommer die hele Heb. 9.

En soos dit met die diereoffers in die Ou Verbond was, was dit met Jesus Christus in die Nuwe Verbond: God het dit vir ons gedoen in die Nuwe Testament, die BETER VERBOND wat op BETER BELOFTES wettelik gegrond is **(Heb. 8:6).**

Want Hy (God) het Hom (Jesus Christus) wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ONS KAN WORD GEREGTIGHEID VAN GOD IN HOM (2 Kor. 5:21).

'n Wetlike transaksie het afgespeel op Golgota: God het Jesus Christus skuldig gevind *in ons plek*. Hy het gesterf in ons plek en Sy onskuld het ons s'n geword! Halleluja!

Christus het die straf vir ONS SONDE, wat die doodstraf is, gely, sodat ONS VRY kan wees. Hy het geen sonde gehad nie, daarom kon Sy bloed nie net ons sondes bedek nie, maar DIT WEG WAS!

Op hierdie wyse was God se Liefde en Sy Regverdigheid tevrede gestel, en is SY Liefde daarin uitgedruk dat Hy sondaars vergewe.

Goedertierenheid en trou ontmoet mekaar, geregtigheid en vrede kies mekaar (Ps. 85:11).

Kom ons kyk weer na **2 Kor. 5:21: Want Hy het Hom WAT GEEN SONDE GEKEN HET NIE, sonde vir ons gemaak, sodat ons kon word geregtigheid van God in Hom.**

Is ALLE MENSE dan nou regverdig? Nee! Net hulle wat GLO in Jesus Christus. GLO is egter nie net 'n verstandelike erkenning nie (miljoene mense glo dat Jesus Christus bestaan het as 'n historiese figuur), maar 'n GELOOF dat Hy die Enigste Seun van die Lewende God is, en dat Hy JOU Verlosser en Here is. (Jou lewe moet hiervan getuig). Daarom, IN CHRISTUS, word ons regverdig voor God, op geen ander wyse nie. Buite Christus is ons skuldige sondaars wat die ewige dood verdien en gaan ontvang.

… tot lof van die heerlikheid van Sy genade waarmee Hy ons begenadig het IN DIE GELIEFDE (Ef. 1:6).

Wanneer God met ons deel, deel Hy met ons IN DIE GELIEFDE – in Sy GELIEFDE Seun, Jesus Christus.

Daar is dan NOU geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees (Rom. 8:1).

Let op: daar is slegs geen veroordeling vir hulle wat IN CHRISTUS JESUS is nie! Ook nie eers later nie, maar NOU!

Dis daarom ook dat ons GELOOF só belangrik is, want die Bybel sê: **Die REGVERDIGE sal uit die GELOOF, LEWE** (vir ewig!) **(Rom. 1:17).** Geloof IN WIE? GELOOF IN JESUS CHRISTUS!

Die gelowige is dus net so regverdig voor die Hemelse Vader soos Jesus Christus Self!

Wat is vir die Gelowige (vir JOU en MY as God se Kinders) die gevolge en voordele van hierdie geregtigheid wat ons in *Christus Jesus* het?

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Die regverdigheid van God…)

1. VRYMOEDIGHEID EN VERTROUE IN GEBED.

Ons het die REG om in God se Teenwoordigheid te kom, met vrymoedigheid en vertroue, want ons het REGTE in die Koninkryk van God!

Laat ons dan MET VRYMOEDIGHEID na die troon van genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word (Heb. 4:16).

En dit is die VRYMOEDIGHEID wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens Sy Wil (1 Joh. 5. 14).

Dis baie belangrik dat ons sal WEET wat ons regte in die Koninkryk van God is, want ons is burgers van daardie Koninkryk. Weet jy wat jou regte is as 'n burger van die Rep. Van S.A.? Die Grondwet van die land gee en waarborg jou burgerregte. In God se Koninkryk is daar die wonderlike Grondwet: die Bybel, en dit gee en waarborg jou burgerregte as 'n burger van die Koninkryk van God! Vind uit wat hulle is – dis 'n wonderlike voorreg, en moenie dat Satan jou van een reg beroof weens jou gebrek aan kennis nie!

Jy hoef dus nie (soos tradisie jou miskien ook geleer het!) as 'n senuweeagtige, onwaardige, ellendeling voor God te kom nie – dis heeltemal onbybels. Jy kan met VRYMOEDIGHEID tot die Genadetroon gaan. Waarom? Weens Sy GEREGTIGHEID wat nou joune is IN CHRISTUS JESUS.

2. 'n OORWINNAAR.

Want as ten gevolge van die een die dood geheers het deur die een, veel meer sal hulle wat die oorvloed van die gawe van die geregtigheid ontvang, in die lewe HEERS deur die Een, Jesus Christus (Rom. 5. 17).

As jy 'n Kind van God is, het jy die gawe van die geregtigheid ontvang deur Jesus Christus en behoort jy te HEERS oor jou omstandighede.

Die gelowiges van die Ou Testament het net beperkte, tydelike geregtigheid gehad, daarom moes daar die aanhoudende, herhaalde offerandes gebring word. TOG HET DIE GELOWIGES VAN DIE OU TESTAMENT WONDERWERKE GEDOEN! Hulle het GEHEERS oor hulle omstandighede!

Dink maar net aan Josua – op sy versoek aan die Hemelse Vader het die son 24 uur lank stilgestaan! **(Jos. 10:12 – 14)**

Wat van Elia – op Karmel het hy water en vuur afgebid **(1 Konings 18:31-38).**

Hierdie gelowiges se geregtigheid was gebaseer op die bloed van diere, net tydelik. Hulle was nie nuwe skepsels soos ons nie, en hulle voordele was verbind aan hulle gehoorsaamheid aan die Wet.

ONS geregtigheid is VIR EWIG gebaseer op die kosbare Bloed van die Seun van God, ons is nuut geskape in Hom en ons is VRY van die Wet!

Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo – die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan (Joh. 14:12).

Hoeveel te meer behoort ons VAN DIE NUWE, BETER VERBOND nie te HEERS oor ons omstandighede nie, en *wonderwerke* behoort deel te wees van ons lewens – dis tog wat Jesus gesê het!

Maar, die duiwel het deur tradisie vir ons geleer ons is *arme wurms*, en ons moet *sukkelend* en *ellendig* wees, anders is ons nie soos Christus nie! DIT staan nie in Sy Woord nie! Hy sê ons sal HEERS! Heers jy? Hoekom nie?!

Geliefde, as jy God se Wapenrusting aan het soos beskryf in Ef. 6, LYK JY SOOS JOU HERE, want Satan weet nie WIE in daardie wapenrusting is nie, en hy vat nie 'n kans nie – hy gee pad. En dis 'n groot swakheid van baie Christene: hulle pak die stryd teen Satan aan sonder die wapenrusting en nou lyk hulle nie soos God nie, en Satan loop hulle plat. Ons moet onder andere die BORSWAPEN VAN GEREGTIGHEID aan hê, en die wyse waarop ons dit aan trek en hou, is d.m.v. ons mond. Wanneer Satan aanval met terneergedruktheid en beskuldigings dan Sê ons vir hom en vir onsself:

Ek is die GEREGTIGHEID van God. Daar is dan nou vir my geen veroordeling nie want ek is in Christus Jesus, in die Geliefde (Rom. 8:1, Ef. 1:6). (Maak vir jou tekste bymekaar oor jou posisie IN CHRISTUS – GLO en BELY hulle met jou mond).

Op hierdie wyse weerstaan jy die duiwel, en hy vlug van jou af weg **(Jak. 4: 7).** Op hierdie wyse bou jy jou geloof op, want jy HOOR die Woord van God **(Rom. 10: 17).**

Ek glo hierdie gedeelte het jou opnuut geïnspireer om die Here te dien met OORGAWE weens Sy Ewige Liefde en Regverdigheid wat steeds saamwerk; jou ten goede. ●

HEALING IN THE ATONEMENT

In Isaiah 53:4 and 5 we read: Surely He hath borne our griefs, and carried our sorrows: yet we did esteem him stricken, smitten of God, and afflicted. But He was wounded for our transgressions, He was bruised for our iniquities: the chastisement of our peace was upon Him; and WITH HIS STRIPES (wounds) **WE ARE HEALED.**

Matt. 8:16-17: When evening had come, they brought to Him many who were demon-possessed. And He cast out the spirits with a word, and healed all who were sick, that it might be fulfilled which was spoken by Isaiah the prophet, saying; HIMSELF TOOK OUR INFIRMITIES, AND BARE OUR SICKNESS.

1 Peter 2:24: Who His own self bare our sins in His own body on the tree, that we, being dead to sins, should live unto righteousness: BY WHOSE STRIPES YE WERE HEALED.

It is very clear, according to the Bible, that we are healed because of the wounds of Jesus. Satan has, of course, tried his best to hide this truth from the Church through ignorance and tradition. In religious circles we see pictures and statues depicting the crucifixion, pictures that do not tell the true story. They show us a Saviour, wearing a neat loincloth, and a few drops of blood here and there, on His body and brow. This is certainly not what happened to Jesus when He was crucified, yet many have this picture engraved on their minds, of a pale, thin body, beautifully draped on the cross, devoid of any mutilation and wounds. The Bible tells us in detail of the tremendous physical suffering that Jesus endured, before and during the crucifixion. On the night when He was betrayed, the Roman soldiers took Him, blindfolded Him, punched Him with fists and beat Him with reeds, jeered and commanded Him to prophesy who had hit him. His eyes were swollen from the punches, His lips split and swollen, perhaps teeth knocked out, His beard was plucked from His face. A large crown of thorns was pushed onto His head, and these large thorns were driven into His scalp. He was scourged with a whip saturated in a salt solution, and this whip had pieces of glass, bone and lead woven into its nine thongs, so that it would cut into, and break the skin and rip out pieces of flesh with every lash. His flesh was ripped open to the bone, and His naked body looked like a ploughed field, the Word tells us. There were nails driven through His wrists and feet and the weight of His whole body hung upon them. A sharp spear pierced His side, and the Bible tells us that no man was ever marred as much as Jesus was marred, so much so that we are told that He was unrecognisable. This is the truth concerning the gruesome wounds of Jesus, and Isaiah, Matthew and Peter tell us that by His wounds, we are healed. Read Psalm 22 written 1000 years before the event.

When Jesus established the Holy Communion, the Lord's Table at the Passover on the night before He was crucified, He instructed us to eat of the bread, symbolic of His Body and to drink of the cup, symbolic of His Blood, in remembrance of what He was going to do for us on the Cross.

1 Cor. 11:23-25: For I have received of the Lord that which also I delivered unto you. That the Lord Jesus the same night in which He was betrayed took bread: And when He had given thanks, He broke it, and said, Take eat: this is My body, which is broken for you: this do in remembrance of me: After the same manner also He took the cup, when He had supped saying. This cup is the New Testament in My blood: this do ye, as oft as ye drink it, in remembrance of me.

Every time we partake of the Bread at the Lord's Table, we are to think of the wounds inflicted upon Jesus' Body, and what they mean to us, and every time we drink the Cup, the Fruit of the Vine, we must remember that Jesus died for our sins, that He redeemed us and reconciled us to Father God. He also delivered us out of the kingdom of darkness, into the Kingdom of His glorious Light. Both of these elements, the Bread and the Cup, serve a specific purpose in Holy Communion. The Blood of Jesus brings about our reconciliation with Father God, but the wounds of Jesus have been misunderstood, through tradition of man to such an extent that we are inclined to concentrate only on the Blood of Jesus. Whilst we cannot separate the two, because of them being part of the one complete and perfect Sacrifice, Jesus gave us two elements, and each of these elements has its specific purpose according to Scripture. By His blood we have been set free and by His wounds we are healed. Read what the Lord says about this healing in **1 Cor. 11:29-30: For he that eateth and drinketh unworthily, eateth and drinketh damnation to himself, NOT DISCERNING THE LORD'S BODY. FOR THIS CAUSE many are WEAK AND SICKLY**

(Continued from page 4 - Healing in the Atonement...)

among you and MANY SLEEP.

Many people die prematurely because they do not recognise the importance of the BODY OF JESUS WHICH WAS BROKEN FOR THEM, broken by wounds and by these wounds, healing was attained for us at Calvary. When we partake of Holy Communion as the Bible prescribes, we must, when we drink of the cup, repent of our sins, and accept forgiveness of our sins, and when we eat of the bread, we accept healing for our bodies. (I recommend for your reading, our book called "The Lord's Table and Healing".)

It may appear strange, but on the odd occasion when doc. James have prayed for Muslim's, and have asked God to heal them in the Name of Jesus, they actually received healing, yet there have been some regular Christian church goers who have not received their healing as easily. He asked the Lord about this and He showed him that when you speak to a heathen before praying for healing, you should explain to him that YOU ARE NOT the one who heals, but that it is JESUS CHRIST. He asked him if he will accept that Jesus wants to heal him and can heal him, and that he (Doc.) pray in His name. They usually say they do believe that Jesus will heal them, and when he prayed for them, healing takes place, because these heathens accept Jesus as their HEALER, although they have not yet accepted Him as their Saviour.

When we come to the faithful churchgoer, we often find that he has received Jesus as his Saviour, maybe some years ago, but not as his HEALER. That is why the heathen is healed and not the churchgoer.

Two thousand years ago, Jesus Christ made provision on the Cross for man's salvation and healing, for both our spiritual and physical needs. Tradition and ignorance has robbed man of this truth. We can accept or reject this provision that God has made for our salvation and healing, that is our choice. God is a gentleman – He will never force man to do anything, you can always choose, because He has given you a free will!

The Good News of the Gospel of the Lord Jesus Christ is that salvation and healing is for everyone who believes, but they do not fall into your lap like ripe cherries! We must ask for them in faith according to the way the Bible prescribes, and then we are assured of receiving them. It is God's will to save and to heal all who come to Him.

1 John 5:14-15: And this is the confidence we have in Him, that if we ask anything according to His will, He heareth us. And if we know that He hears us, whatever we ask, we know that we have the petitions that we have asked of Him. Let us read **Isaiah 53:7: He was oppressed, and he was afflicted, yet he opened not his mouth: He is brought like a lamb to the slaughter, and as a sheep before his shearers is dumb, so he openeth not his mouth.**

Here the prophet Isaiah is talking about Jesus. We read in the Gospels in the New Testament, that throughout all the torture and physical suffering that Jesus experienced, He did not open His mouth. In other words, He bore the excruciating pain without a sound when His Body was broken and wounded to pay for our sicknesses and diseases, but when He paid for our sin, He took our sin upon Himself, God turned His face away from His Son, because God cannot look upon sin. Jesus could not endure that pain of rejection and separation from His Father, even though it was for that short while, and He called out **"My God, My God, why hast Thou forsaken Me?"** We know that it is much worse to be separated from God through sin, than to be sick, because with a sick body we can go to Heaven, but not with a sick soul. That pain of separation between Jesus and His Father far exceeded all the physical pain that Jesus suffered in going to the cross. So one can imagine the hellish pain that hell provides for the lost – a pain which will last for eternity.

His Word is His will, and His Word declares the following:

Isaiah 53:4-5: Surely He hath borne our griefs, and carried our sorrows: yet we did esteem Him stricken, smitten of God, and afflicted. But He was wounded for our transgressions, He was bruised for our iniquities; the chastisement of our peace was upon Him; AND WITH HIS STRIPES WE ARE HEALED.

1 Peter 2:24: Who His own self bare our sins in His own body on the tree, that we, being dead to sins, should live unto righteousness: BY WHOSE STRIPES YE WERE HEALED.

Matt. 8:16-17: When the evening was come, they brought unto Him many that were possessed with devils: and He cast out the spirits with his word, AND HEALED ALL THAT WERE SICK. That it might be fulfilled which was spoken by Isaiah the prophet, saying, HIMSELF TOOK OUR INFIRMITIES, AND BARE OUR SICKNESSES.

Acts 10:38: How God anointed Jesus of Nazareth with the Holy Ghost and with power: who went about doing good, AND HEALING ALL THAT WERE OPPRESSED OF THE DEVIL; for God was with

(Continued on page 6)

(Continued from page 5 - Healing in the Atonement.. ..)

Him.

Exodus 15:26: And said, if thou wilt diligently hearken to the voice of the Lord thy God, and wilt do that which is right in his sight, and wilt give ear to his commandments, and keep all his statutes, I will put none of these diseases upon thee, which I have brought upon the Egyptians: FOR I AM THE LORD THAT HEALETH THEE.

Psalm 107:2: HE SENT HIS WORD, AND HEALED THEM, and delivered them from their destructions.

Proverbs 4:20-22: My son, attend to my words; incline thine ear unto my sayings. Let then not depart from thine eyes; keep them in the midst of thine heart. FOR THEY ARE LIFE UNTO THOSE THAT FIND THEM, AND HEALTH TO ALL THEIR FLESH.

James 5:14-16: Is any sick among you? LET HIM CALL FOR THE ELDERS OF THE CHURCH AND LET THEM PRAY OVER HIM, ANOINTING HIM WITH OIL IN THE NAME OF THE LORD: AND THE PRAYER OF FAITH SHALL SAVE THE SICK, AND THE LORD SHALL RAISE HIM UP; AND IF HE HAVE COMMITTED SINS, THEY SHALL BE FORGIVEN HIM.

Malachi 4:1: BUT UNTO YOU THAT FEAR MY NAME SHALL THE SUN OF RIGHTEOUNESS ARISE WITH HEALING IN HIS WINGS, and ye shall go forth, and grow up as calves of the stall.

Isaiah 40:29: HE GIVETH POWER TO THE FAINT; and to them that have no might He increases strength.

Psalm 103:2-5: Bless the Lord, O my soul, and forget not all his benefits: Who forgiveth all thine iniquities; WHO HEALETH ALL THY DISEASES; Who redeemeth thy life from destruction; who crowneth thee with lovingkindness and tender mercies; Who satisfieth thy mouth with good things so that thy youth is renewed like the eagle's.

Matthew 4:23: And Jesus went about all Galilee, teaching in their synagogues, and preaching the gospel of the kingdom, AND HEALING ALL MANNER OF SICKNESS AND ALL MANNER OF DISEASE AMONGST THE PEOPLE.

Matt. 8:1-3: When He was come down from the mountain, great multitudes followed Him. And behold, there came a leper and worshipped Him, saying, Lord if Thou wilst, Thou canst make me clean. And Jesus put forth His hand, and touched him, saying, I WILL; be thou clean. And immediately his leprosy was cleansed.

Matt. 10:1 and 8: And when He had called unto Him His twelve disciples, He gave them power against unclean spirits, to cast them out, and TO HEAL ALL MANNER OF SICKNESS AND ALL MANNER OF DISEASE. HEAL THE SICK CLEANSE THE LEPERS, RAISE THE DEAD, cast out devils: freely ye have received, freely give.

Matt. 12:15 and 22: But when Jesus knew it, He withdraw Himself from thence: and great multitudes followed Him, AND HE HEALED THEM ALL.

Then one was brought unto Him one possessed with a devil, blind, and dumb: HE HEALED HIM, in so much that the blind and dumb both spake and saw.

Matt. 14:14: And Jesus went forth, and saw a great multitude, and was moved with compassion toward them and HE HEALED THEIR SICK.

Luke 6:19; And the whole multitude sought to touch Him: for there went virtue out of him, AND HEALED THEM ALL.

John 5:6-9: When Jesus saw him lie, and knew that he had been a long time in that case, He saith unto him, Wilt thou be made whole? The impotent man answered him, Sir I have no man, when the water is troubled, to put me into the pool: but while I am coming, another steppeth down before me. Jesus saith unto Him, rise, take up thy bed and walk. And immediately THE MAN WAS MADE WHOLE, AND TOOK UP HIS BED, AND WALKED: and on the same day was the Sabbath.

Mark. 16:16-18: And He said unto them, Go into all the world, and preach the gospel to every creature. He that believeth and is baptised shall be saved; but he that believeth not shall be damned. And these signs shall follow them that believe; in My Name shall they cast out devils, they shall speak with new tongues; They shall take up serpents; and if they drink any deadly thing, it shall not hurt them; THEY SHALL LAY HANDS ON THE SICK, AND THEY SHALL RECOVER.

Galations: 3:13, 14 and 29: Christ hath redeemed us from the curse of the law, being made a curse for us: for it is written, Cursed is every one that hangeth on a tree: That the blessing of Abraham might come on the Gentiles through Jesus Christ; that we might receive the promise of the Spirit through faith. And if ye be Christ's then are ye Abraham's seed, and heirs according to the promise.

Always remember that God desires to heal you! It is His Will that you be well and whole, body, soul and spirit.

He has made provision for healing in His Word, and He sent Jesus to earth to be His revealed will in action. Jesus healed everyone who came to Him asking for healing when He walked the earth more than 2000 years ago, and the Word tells us in **Hebrews 13:8: Jesus Christ the same yesterday and today and forever. ●**

Spesiale woord van dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bank-rekening inbetaal word.

Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

KENNISGEWING

Ons het 'n lys beskikbaar van boeke en Cd's met hul pryse. Indien u meer inligting verlang oor wat beskikbaar is of 'n bestelling wil plaas, kontak ons asseblief sodat ons die lys na u kan faks of E-pos.

Dit het ook volledige inligting hoe om 'n bestelling te plaas, bank inligting ens.

Ons E-pos adres is: stangerchristiancentre@gmail.com en ons faks nommer is: 032:5525411. Ons het ook 'n internet adres en dit is: www.stangerchristiancentre.com, u kan al ons boeke daarop sien en hulle kosteloos aflaai.

Ons Bankbesonderhede is:
Stanger Christian Sentrum,
Eerste Nasionale Bank,
53730091667,
Kode: 220129

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.



UIT ONS KANTOOR

'n Groter seën is vir jou in voorraad.

Rom. 8:31: Wat sal ons dan van hierdie dinge sê? As God vír ons is, wie kan teen ons wees?

Wanneer die duiwel iets na ons gooi, moet ons nie hoop verloor nie. Die feit is dat ons verseker weet dat God dit sal omdraai tot 'n groter seën vir ons, omdat Hy vir ons is.

Toe God die mens geskape het, het Hy hom heerskappy oor alles op die aarde gegee (Gen. 1:26). Die oomblik toe Adam geval het, het sonde en die dood in die wêreld gekom en het die mens sy gesag verloor, en is dit oorgegee aan die duiwel.

Het die duiwel gewen? Nee, God het Sy verlossingsplan uitgevoer deur Sy Seun Jesus te stuur om vir ons te sterf. Hy wil hê dat ons moet weet dat Jesus se dood meer gedoen het as om ons in dieselfde posisie as wat Adam gehad het, te herstel – dit plaas ons in 'n baie hoër posisie!

Die oomblik toe die Vader Jesus uit die dood opgewek het, is ons wat in Christus is saam met Hom opgewek. Met ander woorde, ons sit nou saam met Hom aan God se regter hand in hemelse plekke, "**bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige**"! **(Ef. 1:21)** Adam het nooit hierdie posisie gehad nie. Dus, deur Jesus se dood en opstanding, het ons baie meer ontvang.

In die Ou Testament lees ons hoe God die Israeliete uit slawerny in Egipte uitgelei het na 'n land van oorvloedige melk en heuning. Die duiwel het gedink dat hy God se plan kon verydel deur reuse in die beloofde land te plaas om te keer dat die Israeliete dit kon erf. God het egter die duiwel uitoorlê. Hy het toegelaat dat die reuse hul huise en stede bou, putte grawe en hul gesaaides verbou totdat die regte tyd aangebreek het. Toe het Hy die Israeliete in die land gebring en die reuse uitgesit!

So het die Israeliete groot, pragtige stede geerf wat hulle nie gebou het nie, huise vol van goeie dinge waarvoor hulle nie gewerk het nie, putte wat hulle nie uitgegrawe het nie, asook wingerde en olyfbome wat hulle nie geplant het nie! (Deut. 6:10–11) Alhoewel die duiwel God se plan vir Sy volk probeer keer het om te gebeur, het hulle aan die einde soveel meer ontvang!

Geliefde, die duiwel mag struikelblokke en bose omstandighede na jou gooi, maar God sal daardie bose planne omdraai tot 'n beter seën, want Hy is vir jou!

Wees verseker van ons liefde, gebede en omgee vir elkeen van julle. Julle is kosbaar vir ons en vir die Here, daarom bid ons Sy seën af oor jul families, gesondheid en finansies. Ons wil julle uit ons harte bedank vir jul ondersteuning – deur jul gebede, liefde en finansies, waarsonder ons nie die Woord vanuit die Christelike Sentrum sou kon uitdra nie.

Meg en die Gebedspan

UIT DIE SKATKIS VAN DIE HERE

LAAT JOU HART NIE ONTSTELD WORD NIE

Joh. : 14:27: Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle … Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie. Die nag voor Jesus gesterf het, het Hy Sy vrede aan Sy dissipels gegee - **"Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle…"** Hierdie vrede was nie net vir Sy dissipels nie, maar ook vir ons vandag. Ons het Sy vrede.

Die oomblik wanneer jy in Jesus Christus glo, Hy wat die Prins van Vrede is, kom leef Hy binne-in jou. Wanneer die Prins van Vrede dan in jou woon, is elke seëning wat jy nodig het aangaande jou gesondheid en heelheid reeds binne-in jou.

Jy mag vra: "Pastoor, as dit waar is, waarom sien ek dan steeds probleme in my gesondheid, finansies, familie en verhoudings?"

Die antwoord is 'n ontstelde hart. Dit is waarom, nadat Jesus gesê het: **"Vrede laat Ek vir julle na,"** Hy gesê het: **"Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie."**

'n Ontstelde en vreesbevange hart werk soos die vingers wat 'n tuinslang vasklem. Die water vloei vanaf die kraan, maar baie min of geen water kom by die ander punt van die tuinslang uit nie. God se altyd teenwoordige seëninge teenoor jou is soos die water wat vrylik vanaf die kraan vloei. Jy sien egter nie die seëninge nie, wanneer jy toelaat dat jou hart vasgeklem word deur bekommernis of vrees.

Dus wanneer vreesbevange, angstige gedagtes kom, herinner jouself aan Jesus se woorde: "**Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie.**" Selfs wanneer dit wil voorkom asof dinge erger raak, sê: " Here, ek weier om my hieroor te bekommer. Te midde van alles, sien ek die voltooide werk van Christus . Hy het gesê: **"Dit is volbring!" "**So, my kind se genesing is voltooi. My huwelik is geseënd. My skulde is betaal. Ek sal my hart nie deur hierdie dinge ontstel nie ".

Geliefde, ek kan nie "laat nie" vir jou nie. Jou familie kan nie "laat nie" vir jou nie. Slegs jyself kan "laat jou hart nie ontsteld raak nie ". Bewaar dus jou hart om nie ontsteld te raak nie. Jy hoef nie jou loopbaan, reputasie, kinders of selfs jou gesondheid te bewaar nie. Wanneer jy jou hart bewaar, sal God al die ander dinge vir jou bewaar!

Ons God van wonderwerke..

Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid..

Liewe Meg en mede Aanroepers van HOM wat wonders doen. Net gou in kort jul verwittig dat Marelize weereens 'n brein-operasie gehad het, omdat hul met die vorige operasie nie die proses kon voltooi nie, omdat daar te veel bloeding was en die risiko vir permanente breinbeskadiging verhoed het dat die eerste operasie voltooi kon word. Nou het ons die wonderlike nuus gekry dat dit nie kwaadaardig is nie. Soos reeds gemeld het ons per geleentheid na die eerste operasie vir haar hande opgelê met die versekering dat sy glo in algehele herstel omdat sy 'n Koningskind is. Sy en haar verloofde beplan om DV vroeg in die nuwe jaar in die huwelik te tree. Die huis is reeds aangekoop en alles dui daarop dat VADER hierdie verhouding goedkeur.

Graag bedank ons julle ook vir jul gebede ten opsigte van haar genesing. HY is gister en vandag en tot in alle ewigheid dieselfde. Getrou en 'n Waarmaker van Sy Woord.

Ons is lief vir julle en sal weer van ons laat hoor.

Hartlike groete !!! **Cas en Dot**.

Goeie dag,

Wil uit my hart alle eer aan God gee en vir julle dankie sê vir Joshua, hy het 'n kontrak gekry vir volgende jaar. Ons God is groot en almagtig !!!!

Mag God julle almal daar seën en ek spreek net "blessings" uit oor julle.

Liefde, **Nadine Stander**

Baie dankie. Pyn en ongerief is weg. Ek loof Sy Naam daarvoor en sê dankie vir julle gebede.

Lief vir julle!! **Leta Barry**

Dear Meg and Prayer Team

Thank you so much for your prayers. All the Glory to our Heavenly Father, doctors can't understand what happened, the inflammation disappeared, they took again a CT Scan to make sure it was gone and we know that is our God that healed my father, Amen!!!

Thank you so much for your prayers, we really appreciate it.

God bless you all! **Van Wyk Family**

Baie dankie vir julle voorbidding. Wil net getuig dat sy vanoggend geen probleem meer het nie en hartklop weer normaal is. Groot lof en eer aan GOD vir sy genade aan ons swak mensies hier op aarde.

Alles wat goed en eerbaar is wens ons aan julle toe.

Groete

Pieter Diedericks

Liewe Meg en die gebed span. Eerstens baie dankie vir gebed saam met ons. Jesus het dit verhoor en Aletta, my dogter is genees van haar spataar probleem terwyl sy nou swanger is. Dis so 'n verligting en kan nou haar swangerskap ten volle geniet.

Baie dankie. Here seën julle. **Groete Leta Barry**